LAERSKOOL STELLENBOSCH

TOELATINGSBELEID

1. INLEIDING

Ingevolge artikel 5 (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996, moet die Beheerliggaam van ‘n staatskool die toelatingsbeleid van daardie skool bepaal.

Die Beheerliggaam van Laerskool Stellenbosch het hiervolgens die volgende as die toelatingsbeleid van die skool bekragtig, met die vertroue dat die voorwaardes daarvan in ooreenstemming is met:

1.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108/1996).

1.2 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27/1996) en enige toepaslike beleide wat bepaal is ingevolge hierdie Wet, die Regulasies vir Toelating tot Skole hierby ingesluit.

1.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84/1996).

1.4 Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 12/1997).

1.5 Die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3/2000).

1.6 Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid.

1.7 WKOD Beleid vir die Bestuur van Toelating.

2 SPESIFIEKE VOORWAARDES

2.1 Laerskool Stellenbosch is ‘n skool wat verbind is daartoe om ‘n omgewing van voortreflikheid te verskaf op die gebiede van akademie, kultuur en sport. Daar sal oorweeg word of dit in die leerder se beste belang is om toegelaat te word, in ag

genome die akademiese standaarde en vereistes vir deelname aan die sport- en kultuuraktiwiteite.

2.2 Daar word van leerders verwag om aan die skool se buitemuurse programme deel te neem. Hulle moet aan minstens een winter- en een somersportkode deelneem.

2.3 Daar word van leerders en ouers verwag om die reëls, tradisies en konvensies van die skool te aanvaar en dit te eerbiedig.

2.4 Geen leerder sal toelating geweier word op grond van ras, kultuur, geloofsoortuiging of finansiële omstandighede nie. Enige leerder wat tot die skool toegelaat word, word toegelaat tot die skoolprogram as geheel, en sal nie toegang geweier word tot klasse, sport- of sosiale aktiwiteite van die formele skoolprogram op grond van sy/haar ouers se onvermoë om die vereiste skoolfooie te betaal nie.

2.5 Ouers mag aansoek doen vir gedeeltelike of algehele vrystelling van skoolfooie. Dit is nie van toepassing op Eekhorinkies (Graad RR) en Graad R nie. Laasgenoemde twee grade word slegs toegelaat indien skoolfonds ten volle vereffen is.

2.6 Die inhandiging van ‘n aansoekvorm kan nie dien as outomatiese toelating nie.

2.7 Die tyd en datum van die aansoek is relevant wanneer daar besluit word op die aanvaarding van aansoeke.

2.8 Toelating tot Laerskool Stellenbosch waarborg nie outomatiese toegang tot Hoërskool Stellenbosch nie.

2.9 Enige afwyking van die skool se leerdertotaal moet aan die Beheerliggaam van die skool voorgelê word vir goedkeuring.

Die Beheerliggaam verwag van die Skoolhoof en/of sy senior bestuurspan om in die beste belang van die skool, sy leerders, onderwysers en die skoolgemeenskap op te tree.

3. ONDERRIGTAAL

Ingevolge Artikel 6(2) van die Skolewet, mag die Beheerliggaam van ‘n staatskool die taalbeleid van daardie skool bepaal.

Die Beheerliggaam van LSS het, in sy taalbeleid, bepaal dat die skool ‘n Afrikaans-medium skool sal wees, met onderrig in Afrikaans. Ingevolge hiervan moet leerders wat tot die skool toegelaat word, vaardig genoeg wees in Afrikaans sodat dit nie hulle akademiese vordering sal belemmer nie.

4. OUDERDOM VAN LEERDERS VIR TOELATING TOT GRAAD R

Ingevolge die grondwet is die verpligte ouderdom vir skoolbywoning 7 jaar. Gegewe hierdie feit, sal ‘n leerder voorkeur geniet tot toelating tot Graad R indien hy 6 word teen 31 Desember in sy Graad R-jaar.

5. OUDERDOM VAN LEERDERS VIR TOELATING TOT GRAAD 1

Ingevolge die grondwet is verpligte ouderdom vir skoolbywoning 7 jaar. Gegewe hierdie feit, sal ‘n leerder voorkeur geniet tot toelating tot Graad 1 indien hy 7 word teen 31 Desember van sy Graad 1-jaar.

6. KAPASITEIT VAN DIE SKOOL

6.1 Die kapasiteit van die skool vanaf Graad RR tot 7 sal beperk word tot 984 leerders. Om tot hierdie besluit te kom, het die Beheerliggaam die volgende relevante faktore (hoewel nie net beperk tot genoemde faktore nie) in ag geneem:

6.1.1 Die aantal beskikbare opvoeders;

6.1.2 Opvoeders se behoeftes aan ruimte; wat insluit ‘n personeelkamer en areas waar hulle administrasie uitgevoer kan word;

6.1.3 Die aantal aangewese klaskamers met die geskikte grootte;

6.1.4 Die behoefte aan ruimte waar sport-, remediërings-, en kulturele programme en aktiwiteite kan plaasvind;

6.1.5 Voorsiening vir voortgesette ruimte vir ‘n biblioteek, rekenaarkamer, skoolsaal, tegnologiekamer, musiekkamers en kunslokaal;

6.1.6 Die behoefte om werkruimte te voorsien vir die bestuur en administrasie van die skool;

6.1.7 Die onderrigbehoeftes, veiligheid en welstand van die leerders is van ononderhandelbare belang wanneer die kapasiteit van die skool bepaal word;

6.1.8 Die beskikbare sanitasiefasiliteite.

7. AANSOEKPROSEDURES

7.1 Ouers moet op die WKOD se webtuiste registreer en aansoek doen. Alle inligting is uiteengesit op die skool se webtuiste. As gevolg van die groot aantal aansoeke wat

die skool ontvang is die skool genoodsaak om ’n addisionele, aanvullende vorm met inligting soos deur die skool verlang aan te vra. Hierdié vorm is ook beskikbaar op die skool se webtuiste.

7.2 Graad R- en Graad 1-aansoeke moet deur die ouers op die WKOD se aanlynstelsel ingevoer word. Pre-graad R en Graad 2 tot 7 aansoeke word deur die skool op die WKOD se aanlynstelsel ingevoer.

7.3 Afskrifte van die volgende dokumente moet opgelaai word:

7.3.1 Die nuutste skool- of vorderingsverslag.

7.3.2 Beide ouers se ID-dokumente

7.3.3 Leerder se geboortesertifikaat

7.3.4 Inenting geskiedenis

7.3.5 Bewys van adres

7.4 Die WKOD raai ouers sterk aan om by meer as een skool aansoek te doen (minstens 3). Dit sal verseker dat ouers ten minste ‘n ander moontlike opsie het as die skool van hul keuse nie plek het nie.

7.5 Geen aansoek word oorgedra na die volgende jaar nie.

7.6 Indien u kind reeds in die skool is, hoef u nie weer aansoek te doen nie

7.7 In die geval waar ‘n leerder by meer as een skool aanvaar is en ouers nie teen die gestipuleerde datum aanvaarding by een van die skole bevestig nie, sal die stelsel die leerder outomaties in die eerste keuse skool geplaas word.

7.8 Jaarlikse toelatings-raamwerk (Alle datums word jaarliks deur die WKOD bepaal.)

7.9 Onsuksesvolle aansoeke

7.9.1 Alle aansoeke wat nie met die eerste fase plasings gehelp kon word nie word op rekord gehou. Indien daar kansellasies is, sal daardié aansoeke oorweeg word.

7.10 Laat aansoeke

7.10.1 Leerders wat ná die sluitingsdatum aansoek doen om toelating vir die volgende jaar, sal geakkommodeer word indien ‘n skoolplek beskikbaar is.

Tydraamwerk vir aanlyn aansoeke om toelating Graad R en 1 alleenlik:

11 Maart 2025	WKOD aanlynstelsel open. Ouers kan vanaf hierdie datum registreer en aansoek doen vir die toelating van leerders vir die volgende skooljaar.
15 April 2025	Sluitingsdatum vir die eerste rondte van aansoeke vir toelating.
Vanaf 30 Mei 2025 tot 10 Junie 2025	Ouers word per sms of e-pos in kennis gestel dat hulle aansoeke vir leerdertoelatings óf suksesvol óf onsuksesvol was. Hierdie inligting word op die WKOD se aanlynstelsel aangedui.
20 Mei – 17 Junie 2025	Ouers moet aanvaarding aanlyn bevestig.

Tydraamwerk vir aanlyn aansoeke om toelating pre-graad R en graad 2 tot 7

04 Augustus 2025	WKOD aanlynstelsel open. Ouers kan vanaf hierdie datum registreer en aansoek doen vir die toelating van leerders vir die volgende skooljaar.
18 Augustus 2025	Sluitingsdatum vir die eerste rondte van aansoeke vir toelating.
17 September 2025	Stelsel vertoon die uitkoms van aanlyn toelatingsaansoeke
17 tot 19 September 2025	Ouers word per sms of e-pos in kennis gestel dat hulle aansoeke vir leerdertoelatings óf suksesvol óf onsuksesvol was. Hierdie inligting word op die WKOD se aanlynstelsel aangedui.
17 tot 30 September 2025	Ouers moet aanvaarding aanlyn bevestig.

8. TOELATINGSKRITERIA

Wanneer aansoeke vir toelating tot Laerskool Stellenbosch oorweeg word, het die Beheerliggaam besluit dat die Skoolhoof die diskresie sal hê om leerders toe te laat, en in die uitvoer van sodanige diskresie, sal die volgende aansoekers voorkeur geniet:

8.1. Afrikaans-medium onderrig word verskaf. Voorgenome leerders behoort vlot te wees in Afrikaans;

8.2 Die korrekte ouderdom vir die graad is ‘n voorvereiste vir toelating, sowel as die leerder se vermoë om by te hou met die onderrigvlak van die graad waartoe hy toegelaat wil word;

8.3 Aansoeke binne die bepaalde datums gegee deur die WKOD ingedien het;

8.4 ‘n Leerder wat tans ‘n broer/suster in LSS het;

8.5 ‘n Leerder wie kan bewys, deur die voorlegging van dokumentêre bewyse wat voldoen aan die skool se vereistes, dat LSS die naaste skool is aan die leerder se normale tuiste;

8.6 ‘n Leerder wie se ouer(s) se werkplek naby die skool is.

8.7 ‘n Leerder wie se vader/moeder ‘n voormalige leerder van LSS was;

8.8 ‘n Leerder wat beskik oor ‘n rekord van deelname aan een van die kulturele-, sport- of sosiale aktiwiteite soos verskaf deur die LSS buitemuurse program;

8.9 Voorgraadse leerders van die Junior Akademie in Martinsonstraat, Stellenbosch, mits hul woonadres in Stellenbosch en onmiddellike omgewing is.

8.10 Die aan- of afwesigheid van enige van bogenoemde faktore is nie ‘n waarborg vir aanvaarding tot, of uitsluiting van, LSS nie;

8.11 Die volgende faktore is by die bepaling van die skool se kapasiteit in ag geneem:

- Dat die leerder se belange voorkeur geniet.
- Die aantal beskikbare opvoeders.
- Die beskikbare ruimte vir administratiewe behoeftes.
- Die beskikbare ruimte en aantal geskikte klaskamers

- Die behoefte aan ruimte vir sport-, kultuur- en ontspanningsaktiwiteite.
- Die beskikbare ruimte in die bestaande media- en rekenaarsentrums, wetenskap- en tegnologielaboratoriums en die skoolsaal.
- Die beskikbare sanitêre geriewe
- Parkeergeriewe
- Veiligheidsmaatreëls
- Die maksimum toelaatbare getal leerders per klas volgens die onderstaande tabel.
- Internasionaal erkende beste praktyk met betrekking tot klasgroottes ten einde doelmatige en doeltreffende onderrig van gehalte te lewer.

GETALLE VIR 2026	
Graad	**Aantal leerders**
Eekhorinkies	72
Graad R	100
Graad 1	104
Graad 2	108
Graad 3	112
Graad 4	120
Graad 5	120
Graad 6	120
Graad 7	120

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 30 MAART 2024

PK Steenkamp
_____
VOORSITTER

_____
SEKRETARESSE

Jaco Swart
_____
SKOOLHOOF